# komma



1. Voor want en maar:
   - Ek hou van appels, maar nie van piesangs nie.
   - My vinger bloei, want ek het hom met die mes gesny.


2. Tussen 'n lys woorde, inplaas van "en":
   - Ek hou van appels, pere, perskes en piesangs.

# punt



1. Aan die einde van 'n sin.
    - Ek is lief vir my familie.


2. Na 'n afkorting:
    - Vr.
    - Des.
    - Dr.



# vraagteken

'n Vraagteken word gebruik aan die einde van 'n sin wanneer jy 'n vraag vra.

1. Waar is my skoene?
2. Wat is jou naam?
3. Wie is jy?
4. Wanneer verjaar jy?
5. Hoekom praat jy so baie?



# uitroepteken

'n Uitroepteken word aan die einde van 'n sin gebruik wanneer jy kwaad of opgewonde is of wanneer jy skree.

1. Eina! Dit is seer.
2. Help my!
3. Jy maak my so kwaad!